DEEL 114 | WEEK 44 | 4 NOVEMBER 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Planttyd hou boere op hul knieë



Met plantseisoen in volle swang verwelkom die boere die reën met ope arms. Die week se dankbare, wydverspreide reën het die huppel in boere se stap weer terug gesit. Dit kom nadat boere bekommerd was oor die seisoen se reënval wat effens laat is. Die inpak van die seisoen wat laat is, kom met talle nuwe uitdagings. Buiten verhoogte pryse in diesel, kunsmis en gifstowwe sal boere nou later plant as normaalweg. Dít sorg weer vir ander uitdagings later in die seisoen. Huidige weerpatroonvoorspellings, toon dat die La Niňa van nou, rondom November, effens versterk en dan teen die einde van die jaar gaan verswak om tot 'n neutrale fase oor te gaan. Vandaar behoort omstandighede egter steeds op swak La Niňa-vlakke te bly tot ten minste Januarie 2023. Hierdie verskynsel kan veroorsaak dat reënvaltoestande nog redelik gunstig gaan bly tot ten minste Januarie/Februarie 2023, veral oor die sentrale tot oostelike produksiegebiede. Die kans is goed dat die westelike produksiegebiede ondergemiddelde reën gaan kry, veral in die periode vanaf Februarie tot April.

Heilbron Herald

NEWSPAPER ADVERTS FROM:

50x65mm R165

100x65mm R320

100x131mm R650

150x131mm R940

200x131mm R1150

200x265 R2300

400x265mm R4500

T's & C's APPLY














# *Uit die pen:* Week 44 van 2022

Die skool het ryke tradisies. Dinge wat ek maar so stuk-stuk uitvind. Soms dink ek dat hulle dit sommer opmaak soos wat die tyd verloop, maar volgens onderwysers wat daar skoolhou én daar skoolgegaan het, is dit iets wat miljoene jare gelede sy ontstaan gehad het.

Oukei, goed. Nou nie miljoene jare nie, maar baie naby daaraan, dink ek.

Ek het ook nie geweet dat dit 'n amperse prestasie is dat jy daar skoolgaan en daarna terugkeer as 'n onderwyser nie. Iewers in my hart voel ek dat jy moet wegtrek van jou grootwordplek af. Maar ja, ek ken nie hulle tradisies nie.

Seunskole het gewoonlik die Klok wat gelui moet word wanneer die leerders vir die laaste keer, in graad 12, by die saal uitstap. Soms is daar 40 dae selebrasies (klink beter as 40 days celebrations) wat deesdae handuit ruk, sien ek.

Natuurlik die matriekafskeid, wat deesdae al hoe duurder en opspraakwekkender geword het. Hoe kaler die rokkie, hoe mooier die bokkie. Of so dink hulle. Ma en Pa glimlag die hele aand wanneer hulle na hul belegging aan dogter se lyf dink. Dis eintlik net hongerpyne wat hulle mondhoeke so trek, want daai klere kos geld. Baie geld.

Steeds by matriekafskeide: weg is die tyd wanneer jou pa as 'n chauffeur aangetrek het en jou en jou metgesel by die skoolsaal afgelaai het. Verby is ook die dae waar jy iemand se outydse motor geleen het of met die mooiste trekker daar aangekom het. Helikopters was volgende op die lys. En toe lees ek onlangs van iemand wat met 'n doodskis matriekafskeid toe is, want sy wou 'n statement maak.

Wel, voorwaar. Sy het 'n statement gemaak. Ek wonder net wie gaan 'n tweedehandse doodskis koop? Ja, wel, die dooie sal dit mos in elk geval nie weet nie.

Waar was ek nou weer? O, ja. Die tradisies.

By die skool waar ek toe geland het (onthou: ek wou mos nooit weer skoolhou nie), begin hulle daardie jaar met 'n splinternuwe tradisie.

Die graad 8's het na 'n praatjie geluister oor plante en hoe belangrik dit is dat ons mooi kyk na ons saadplante.

Hier is 'n stukkie biegtery van my kant af: Alhoewel ek 'n bioloog is, hou ek nie van 'n pit in 'n waatlemoen nie. Ek gebruik my tyd om die waatlemoen in stukke op te sny en elke liewe pitjie uit te krap. Ek koop gewoonlik druiwe sonder pitte en is dankbaar dat piesangs nie pitte het nie. Ek eet nie 'n appelstronk nie, want daar is pitte in.

Maar die pitte is die belangrike deel: meeste plante wat deesdae gekweek word, het nie pitte nie. Dit word gedoen deur modifikasie, hetsy geneties- of met ander prosedures. Wat dit vir die verbruiker baie maklik maak. Maar daar is geen pit of saad wat jy agterna in die grond kan sit om 'n opbrengs te verseker nie.

Die praatjie oor die saadjie (dit klink soos 'n vangfrase vir 'n advertensie) was baie insiggewend. Die kinders is almal bewus gemaak van die belangrikheid van biodiversiteit en hoe om plante te bewaar en te beskerm. En al klink dit ook soos 'n baie vervelige praatjie: die persoon wat dit aangebeid het, is die dogter van 'n baie bekende botanis wat meestal kruie kweek. Sy was 'n skitterende aanbieder en het die kinders aan haar voete gehad.

Agterna het elke leerder 'n bladsy gekry om vir hulself 'n brief te skryf wat hulle as graad 12's weer kan lees. Hierdie brief is, tesame met 'n pakkie saadjies in 'n koevert geplaas en verseël.

'n Deel is by die skoolgebou aangebou en 'n nuwe vierkant het sy ontstaan gehad. Daar was betontafeltjies en -bankies. Hierdie pakkie is dan in die pote van die betonbankies in die nuwe vierkant geplaas. Die pote is weer toegemessel.

Ek sien op Facebook (ja, ek besoek hierdie sosiale mediaplatform nou al meer as een keer per maand) dat die matrieks hulle laaste dag gevier het. Die onderwysers, wat almal met togas na die saalopeninge moet gaan, in twee rye aan die voorkant van die skool gaan staan het. Hulle het hande geklap terwyl die leerders vir die laaste keer uit die saal gestap het en tussen die twee rye onderwysers gestap het.

Daarna is die betonpote van die bankies oopgemaak, en elke leerder het weer sy pakkie gekry met die saadjies, sowel as die brief wat hulle as graad 8s vir hulself geskryf het.

Wat 'n pragtige gebaar! Ek hoop dit word regtig 'n blywende tradisie, want ons soek mos altoos iets waaraan ons kan vashou.

As boeties en sussies het ons, toe ons al groterig geword het (groterig in terme van ouderdom, nie gewig of lengte nie), by 'n funksie daarop aangedrink dat die platejoggie vir ons Bohemian Rhapsody van Queen speel. Dit was die laaste lied wat ons vier kinders saam gesing het voordat die rooikopsussie twee weke daarna dood is.

Ons het, as kinders, 'n Kersfeestradisie gehad. Onthou, teen daardie tyd was die boetas al uit die huis. Ek en rooikopsussie het dan 'n Kersprogram saamgestel, kompleet met 'n ete of verversings aan die einde. Ek het gewoonlik een of ander rooierige uitrusting aangehad en gesing en gedans terwyl rooikopsus my begelei. Een mooi Kersfees het my rooikopsus 'n maagaandoening gehad. Sy het summier die program se verversings met 'n dik kokipen doodgekrap. As sy nie mag eet nie, mag niemand eet nie.

End van die prent.

Watter tradisies het jy? Dalk moet ons iets begin wat regtig waarde toevoeg aan wie en wat jy is. Dalk meer kerk toe gaan as 'n gesin. Of saam na 'n plek toe gaan waar die gesin welkom is. Wat van een keer per maand 'n saambakdag hou? Al lyk die kombuis soos 'n orkaan agterna.

Miskien 'n gesinsliedjie wat net die gesinslede ken en die storie daaragter verstaan. Ek weet nie, maar dit klink vir my lekker.

Kom ons begin tradisies wat saakmaak.

# HUPPEL TRIPPELKLUB BIED LIEDJIEVASVRA AAN

## *Nuwe uitdagings word vir 2023 beplan*



Dinsdag het die Huppel Trippelklub (HT) weereens bymekaar gekom waartydens die klub se laaste vasvra vir die jaar plaasgevind het. Juis om hierdie rede is daar 'n bonus liedjievasvra aangebied wat bestaan het uit kriptiese leidrade wat ontrafel moes word. Die klublede het beide met vlieënde vaandels geslaag. Daar word tans beplan aan die opening van die Jukskei- en ander speletjiesbane. Tydens 2023 wil die klub graag poog om 'n HT-koor op die been te bring.






**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**

**HENDIE LÖTTER**

by
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za









# OUD HEILBRONNER BEOORDELAAR IN NIEU-SEELAND







*Op die foto Edmund Els.*

Edmund Els, voormalige inwoner van Heilbron, het die voorreg om volgende jaar die Ayrshire-beesraskompetisie in Nieu-Seeland te beoordeel. Die geleentheid vind by die Diary Event (NZDE) in Nieu-Seeland plaas.

Els, wat die afgelope paar jaar in die Wes-Kaap woon, besit The Ridge Ayrshire en melk 200 geregistreerde beeste. Hy is ook 'n grootgewig in die skou- en teëlarea van dié ras aangesien hy al verskeie nasionale kampioene gelewer het.

Els is tans die president van die Wêreld Ayrshire Federasie en is heel gemaklik om koeie uit te wys. In 2012 was hy ook die eerste beoordelaar buite Noord-Amerika wat by die Suidelike Nasionale Kampioenskappe in Louisville, Kentucky, beoordeel het. In 2005 was Edmund in diens van die Ayrshire-vereniging waar hy as rasdirekteur gewerk het. Hy was ook op die Suid-Afrikaanse Ayrshire-raad en het tussen 2014 en 2017 as president gedien. Die lys van uitstaande prestasies wat al deur hom behaal is, is lank. Hy skryf die welslae daaraan toe dat dit eerder 'n passie as 'n werk is en dat hy werklik dit wat hy doen geniet.

# KUIER GESELLIG SAAM

*• Nonna Roos*



Op Saterdag, 29 Oktober, kon Huis-Bron-van-Heil (HBvH) vir die eerste keer, sedert 2019, weer almal saam buite op die gras Basaar hou. Van vroegdag af, so saam met die koel windjie, het almal hulle stalletjies begin inrig. Die weer het ons kans gegee om 'n lekker gesellige saamkuier oggend te geniet.

Die Direksie van HBvH spreek hul dank uit teenoor elke kerkorganisasie, donateurs, helpers en HBvH personeel wat van die dag 'n sukses gemaak het.

Sonder julle sou dit nie moontlik kon wees nie.






# HANNES BRING HULDE AAN ALLE MA'S



*• Irma Brink*



**PETRUS STEYN.** - Hannes van Wyk, Suid-Afrikaanse akteur, vervaardiger en aanbieder van die Kwela-faam, het onlangs tydens die jaarlikse Damestee van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn 'n praatjie gegee. In dié praatjie bring hy nie net hulde aan sy 88-jarige ma, Mariet, wat in 'n aftree-oord op Aliwal-Noord bly nie, maar ook aan alle ma's.

Op 'n deernisvolle en tog ook humoristiese wyse praat hy, soms met 'n traan in die oog, oor sy grootwordjare op Aliwal-Noord en soos hy haar noem, sy "ongelooflike" ma. Onomwonde sê hy dat sy mooiste herinneringe in sy lewe oor sy ma gaan.

Soos baie vrouens was sy ma die middelpunt van hulle huis. Sy was vir jare die skoolsekretaresse by die skool op Aliwal-Noord. Na 'n lang dag se werk het sy ma, soos baie ander ma's haar plek volgestaan in die huishouding. Hy glo dat ma-wees en vrou-wees die hardste werk op aarde is. Hy skud sy kop en wonder hardop waar ma's hul energie vandaan kry om tot alle uiterstes te gaan om hulle kinders te help. Ma's neem dikwels die skuld op hulself as 'n swartskapiekind moeilik is of sukkel om die mas op te kom. Hulle hou egter nooit op om die ekstra myl te loop vir juis hierdie kind nie. Hannes se ma se raad in 'n krisis is: "Bedaar, ontspan en laat God …!"

Hannes verwys ook grappenderwys daarna dat hy op skool vinnig leer fietsry het toe hy gekonfronteer is met die feit dat hy saam met sy ma in haar ou Morris Minor skool toe moes ry. Hy lag ook hardop oor sy ouma wat haarself as "grênd" beskou het toe sy jare gelede 'n antwoordmasjien gekry het en dat sy ma op 88 nog steeds sê dat sy bietjie gewig aangesit het en op 'n dieet sal moet gaan.

Hannes glo dat daar vir elke kind wat op aarde gebore word 'n engel gegee word om vir hom te sorg, te verstaan, te verdedig en te beskerm – in sy geval is dit sy ma.





| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 100 | R 510 | R 640 | R 1,150 |
| 200 | R 680 | R 860 | R 1,540 |
| 300 | R 820 | R 1,020 | R 1,840 |
| 400 | R 950 | R 1,200 | R 2,150 |
| 500 | R 1,080 | R 1,370 | R 2,450 |
| 1000 | R 1,990 | R 2,330 | R 4,320 |

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R75
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078
POSTNET HEILBRON

# MOOISTE PAARTJIE AANGEWYS



Die Riemland se mooiste matriekpaartjie vir die jaar is uiteindelik aangewys.

Gunter Venner en Anika Allen stap, na weke se stemgeleentheid op Facebook, weg met die kroon.

Dié twee ontvang elkeen 'n foto-canvas met die komplimente van Herald Office National asook 50% afslag op 'n ete van OJ's on Longmarket vir 'n rekening van R500 of meer.

Gunter en Anika 'n paartjie wat al lank bymekaar is en dít maak hul wen ekstra spesiaal.

# KINDERS VERSMOOR IN VOERTUIG

Gemeenskapslede van Petsana in Reitz is in rou gedompel nadat vier kinders Woensdag in 'n voertuig versmoor het. Daar word vermoed dat die kinders, tussen die ouderdom van twee en vier jaar rondom, 11:30 op die betrokke dag nog buite gespeel het.

Om 16:30 het die kinders se ouma glo na hulle gaan soek, maar sy kon hul nêrens vind nie.

Familie en vriende is in kennis gestel en 'n soektog na die kinders is van stapel gestuur. Die kinders is later deur 'n familielid in die motor gevind. Die vermoede bestaan dat die voertuig van binne gesluit is en dat dit moontlik die doen en late van een van die kinders was.

Die deur is oop forseer, maar dit was te laat en die kinders is op die toneel deur paramedici dood verklaar.

# IN DIE EG VERBIND



*TROUKOORS: Dawid en Cindy Rossouw is op 29 Oktober in die eg verbind. Die seremonie het vanuit die Hervormde klipkerkie op Heilbron plaasgevind. Die egpaar is beide Heilbronners en hulle vestig hulle ook in die dorp. Cindy is die dogter van Hennie en Gerda Booysen van Heilbron.*



# BERUGTE DRAAI EIS NÓG 'N SLAGOFFER

'n Ongeluk het Vrydagaand plaasgevind, in Langmarkstraat om die draai naby Tampies Swart se huis. Die bestuurder wat vanaf Petrus Steyn na Sasolburg gereis het, se eindbestemming het 'n onverwagte wending geneem toe hy by die ingang van die dorp beheer oor sy voertuig verloor het. Sy voertuig het daarna op die gruiswal beland. Owerhede is na die toneel ontbied. Niemand is tydens die ongeluk beseer nie.

Die aard van die ongeluk is egter niks vreemd vir Heilbronners nie en in die verlede het talle voertuie en swaarvoertuie al deur Swart se muur geploeg. 'n Reuse gruiswal is jare gelede al op die sypaadjie aangebring - juis om skade te verhoed. Alhoewel die oorsaak van die ongeluk nog nie bevestig is nie, het verskeie slagoffers weens hoë spoed hul rieme al hiér styfgeloop. Reisigers steur hul nie aan die waarskuwingstekens langs die pad nie, besef gewoonlik nie hoe skerp die draai is nie en kan dan nie betyds spoed verminder nie.

# VVA-TAK IN GEDRANG




*Op die foto vl: Ina Slabbert en Jacomien Harmse.*

Die huidige voortbestaan van die ongesubsidieerde Vrystaat Versorging in Aksie (VVA)-tak in Heilbron is tans in gedrang en benodig die gemeenskap se hulp. Die instansie bied hoop asook hulp vir elke moedelose en weerlose persoon wat hulself nie kan help nie. Die vroue by die VVA funksioneer tans vanuit Pleinstraat 51 waar handgemaakte geskenke, versierings en vele meer besigtig en gekoop kan word. “Ons wil graag voortgaan om 'n verskil te maak in ons gemeenskap en daarom nooi ons belangstellendes uit om ons van hulp te wees,” pleit Ina Slabbert, lid van die VVA. Vrywilligers word dringend by die instansie benodig en opleiding sal aan enige vrywilliger gebied word. Die vroue verkoop ook heerlike pannekoeke die 11de November teen R5.00 'n pannekoek. Besteling kan vroegtydig by Jacomien Harmse geplaas word by 083 334 5443, óf by Ina Slabbert by 083 389 3279.


EST.2021

OJ'S

ON LONGMARKET

Vakante Betrekking

**Sjef Benodig**
**Werksure:**
**Woensdae - Donderdae: 10:00 - 21:00**
**Vrydae en Saterdae: 10:00 - 22:00**
**Sondae: 09:00 - 17:00**
**Elke derde naweek af**

**Verpligtinge sluit in:**
- Hoof sjef in die kombuis
- Voorbereiding van kos en kwaliteitsbestuur toepas
- Bestuur van kombuis en kombuispersoneel
- Voorraadbeheer en bestellings
- Resepvoorstelle en seisoenale *menu* veranderinge
- Bestuur van skoonmaak van kombuis en toerusting
- Voorbereiding vir funksies
- Moet personeel kan lei en oplei
- Aktief betrokke by die dag-tot-dag take van die bestuur van die restaurant
- Goeie beplanningsvermoë
- Rekenaarvaardig wees
- Minimum van 2 jaar ondervinding is verpligtend.
- Salaris: R12 000pm tot R18 000pm, onderhandelbaar

Aansoeke en CV's kan gestuur word na:
pieter@bluepump.co.za

# BRONNIEWEES IS 'N FEES


Indien jy verlede Vrydag bekende karakters soos The Hulk, Superman, 'n paar Minions en prinsesse in die straat gewaar het, het jy reg gekyk. Die Hoërskool Heilbron se jaarlikse pretstap het plaasgevind. Tydens hierdie geleentheid moes alle deelnemers prettige uitrustings aantrek waarna hul in die strate van Heilbron ingevaar het.

Die dag is vol geesdrif aangepak en jy kon die jolige groep hoor aankom, lank voordat jy hul kon gewaar. Terug by die skoolterrein het leerders die pret met 'n "poeierverfoorlog" voortgesit en almal was dit eens: Dis 'n fees om 'n Bronnie te wees!



# REITZ NUUS












# KRIEKETHELDE IN WORDING

Die Hoërskool Reitz se mini-krieketspelers het gewys waar Dawid die wortels gegrawe het tydens hul onlangse wedstryde. Die O.7 B-span wen Truida Kestel se O.7 B-span met 'n enkele lopie. Tydens die wedstryd is Wilhelm Nel en Jahno Scholtz aangewys as die beste kolwers met sewe lopies elk. Wilhelm Nel is ook aangewys as die beste Bouler met die neem van sy twee paaltjies.

Reitz se O.7 A-span wen Ladybrand se O.7 A-span met 17 lopies. Tydens hierdie wedstryd is Johno Scholtz aangewys as beste kolwer met die moker van sy 18 lopies en Callie Meintjies is as beste bouler gekroon met die neem van sy twee paaltjies.

# FEZILE DABI-TENNISPROEWE



*Op die foto vl: Gerrit du Plooy en Jannie Els.*



*Elené du Plooy*



*Rudi Jonker*

***TENNIS:*** *Die volgende leerlinge van die Hoërskool Heilbron het onlangs aan die Fezile Dabi-tennisproewe deelgeneem en is ook gekies om dié streek se tennisspan te verteenwoordig: Rudi Jonker behaal 'n 6de plek in die O.10-seunspan, Elené du Plooy behaal 'n 3de plek in die O.12-dogterspan, Gerrit du Plooy behaal 'n 2de plek in die 0.14-seunspan en Jannie Els behaal 'n 3de plek in die O.14-seunspan.*

# SOOS VISSE IN DIE WATER

Hendrik en Abel Rautenbach, albei leerlinge van die Hoërskool Reitz, het op 15 Oktober deelgeneem aan 'n swemgala wat in Bloemfontein plaasgevind het. Hendrik swem goue medaljes in die 100m-vryslag, 50m-vryslag, 50m-rugslag en 50m-borsslag los.

Abel behaal ook goud in die 100m-rugslag en 50m-borsslag. Hy verower ook silwer medaljes in die 100m-vryslag, 50m-vryslag en 50m-rugslag.





# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die gesamentlike boedel van **DANIEL CORNELIUS ELS, Identiteitsnommer 600302 5083 088,** wie getroud was binne gemeenskap van goedere met **HILDA ELS, Identiteitsnommer 591223 0016 082,** in lewe 'n pensioenaris van Vyfdestraat 15, Heilbron.
**BOEDELNOMMER: 004157/2022**
Hiermee word kennis gegee dat die Gewysigde Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**EKSEKUTEUR**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**

**Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 15de Desember 2022 en heropen DV 9 Januarie 2023.**

*Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.*

Herald

**Die winkel sluit die 20ste Desember 2022 en heropen DV 5 Januarie 2023.**

Office National

VERFWERK

**Verfwerk:** dakke, buitemure, binnemure, plafonne, vensterrame
**Herstelwerk:** krake, geute, patty, talle meer.
**Moeg vir lekkende dak?**
Bel my vir flinke diens.
Beskikbaar in die dorp, of op plase.

Kontak Chris Maseko
073 204 7157

**PORTABLE FIRE EXTINGUISHER**
**AVAILABLE IN 550ML**
**Home Car Dual Purpose**
**Cold & Heat Resistant**
**Environmental friendly & Nonn-Toxic**




Herald Office National
**R50 EACH**
**058 852 3033**
**heraldoffice@heilbron.co.za**

**Koppies Internet**



Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Koppies en naby geleë plase.

Kontak ons vir enige navrae of bystand:
068 338 2916

Jenny Wireless Internet

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

VLEISSENTRAAL

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**GET YOUR DATE RIGHT!**

*Custom* **WALL CALENDAR**
**Full Colour on Gloss Board**
**Portrait, 12 Month View**

Prices include VAT and a standard design.

**A4 Wall Calendar - 297x210mm**

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 150 | R 170 | R 320 |
| 50 | R 180 | R 230 | R 410 |
| 100 | R 240 | R 280 | R 520 |
| 300 | R 430 | R 550 | R 980 |
| 500 | R 650 | R 800 | R 1,450 |
| 1000 | R 1,200 | R 1,380 | R 2,580 |

**A3 Wall Calendar - 420x297mm**

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 300 | R 350 | R 650 |
| 50 | R 230 | R 290 | R 520 |
| 100 | R 330 | R 420 | R 750 |
| 200 | R 550 | R 690 | R 1,240 |
| 300 | R 845 | R 845 | R 1,690 |
| 500 | R 1,300 | R 1,300 | R 2,600 |
| 1000 | R 2,450 | R 2,450 | R 4,900 |

Herald Office National
**44 Els Street**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

**Easy to print.**
**Easy to save.**
HP Smart Tank 670 Printer
~~WAS R5499~~
**NOW R4799**
Up to 3 years of ink included in the box
Up to 18 000 black or 8 000 colour pages with original HP ink bottles



**ORDER YOUR WIRELESS PRINTER TODAY !**
**heraldoffice@heilbron.co.za | 058 852 3033**




**POSTNET HEILBRON**

**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**

- **STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
- **PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
- **PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# SMALLS

## EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
Herald Office National
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

## TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# WEILBACH WAG IN DIE FINAAL

Die jaarlikse putjiespel is naas die klubkampioenskappe die belangrikste kompetisie wat op plaalike vlak in gholf gewen kan word. Johan Weilbach sit reeds met gevoude hande en wag vir sy opponent in die eindstryd. Hy wen verlede naweek vir Ruan Minnie in die halfeindstryd en in die proses is hy ook die wenner van die November HBA-maandbeker. Johan speel vyf houe beter as sy voorgee en teken ŉ netto-telling van 67 aan. Jackie Leonard was tweede met 68 en Willem van Schalkwyk derde met 73.

RSA Grain Storage Solutions is more die gasheer by Heilbron Gholfklub tydens hulle jaarlikse dag. Daar is nog geleentheid vir spelers wat wil inskryf.

Die baan het goed gereageer op die afgelope week se reën en spelers kan uitsien na die setperke wat meer byt gaan hê.



*Op die foto vl: Jackie Leonard, Johan Weilbach en Willem van Schalkwyk.*

# VISSERMANFEES BY HENGELKOMPETISIE

Die koue weer het geen visserman gekeer om vir die jaarlikse hengelkompetisie van die Kleuterkasteel op Heilbron in te skryf nie. Die kompetisie is vanjaar by Inloop aangebied en het vir groot genot gesorg. Die hengelaars het die geleentheid selfs as 'n "vissermanfees" beskryf.

Die skool het sy opregte dank teenoor die volgende borge uitgespreek: Kobus Fourie, Albie Schoeman jnr, Hendra en Albie Schoeman, Platteland Apteek, Liezel Viviers, Chenel Muller, Jannie Bornman en Star Slaghuis.



***WANNEER DIE LYNE SING:** Op die foto van links is J.D Claasen, G.P Rossouw, Marnus Labuschagne, Julene Labuschagne, Alta en Riaan Joubert van Koppies, Stroebel Rossouw, Chené Labuschagne, Rialet Swart en Robin Smith.*

# ROLBAL: VALSRIVIER DRIESPEL LEWER GOEIE SPEL

Sport bring mense bymekaar en die afgelope naweek was weereens 'n bewys daarvan met Valsrivier se Driespelkompetisie wat op Heilbron aangebied is.

Saterdag het 17 mans en damesspanne mekaar die stryd aangesê om te probeer deurdring na Sondag se uitspeelwedstryde. Konsentrasie was hoog by elke span en elke bal wat gerol is, eie span of opponent, is met valkoë dopgehou en goeie aflewerings is behoorlik deur spanlede gekomplimenteer.

Saterdagmiddag, ná spel, kon die dames spanne van Tracy Jacobs, Linda van Caspel, Erika Sieberhagen en Annelie Boucher hulself voorberei vir Sondag se uitspeelwedstryde. Die manne het egter ook hulle ding gedoen en die spanne van Attie Kok, Hannes Horn, Rudi Jacobs en Brandt van Rensburg kon na die dag se spel saam met die dames "ontspanningsversnaperinge" geniet ter voorbereiding van Sondag se stryd.

Sondag het aangebreek met lieflike rolbalweer en almal was sommer lus vir speel. Met die aanvang van die wedstryde was dit duidelik dat konsentrasie en fokus in hoofletters gespeel kon word.

Met goeie rolbal wat deurlopend gespeel is, het Linda van Caspel (Kroonstad Rolbalklub) se span Sondag as algehele wenners geëindig, terwyl Tracy Jacobs (Heilbron) tweede en Erika Sieberhagen en Annelie Boucher van Kroonstad, onderskeidelik derde en vierde geëindig het.

Kroonstad Rolbalklub se manne het hulle ook goed van hulle taak gekwyt met die span van Attie Kok wat as algehele wenners eindig. Hannes Horn was tweede met die sapnne van Rudi Jacobs en Brandt van Rensburg wat onderskeidelik derde en vierde eindig.

Die komende naweek gaan hierdie spanne by Kroonstad rolbalklub kragte meet teen die wenners van Goudveld en Riemland.

Hierdie week is ook die laaste wedstryd van die besigheidsliga en volgende week sal ons kan vertel wie hierdie jaar die kampioenskroon dra.



*ROLBALKONINGINNE: Die dameswenspan van links is: Luané du Plessis, Bianca Keeve en Linda van Caspel.*



*BOED, BETER, BESTE: Van links is die manspan wat aan die einde van die toernooi koning gekraai het: Attie Kok, Louis du Plessis, De Wet Steenkamp.*




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 7 NOVEMBER 2022
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Snongwe 076 557 9346
DINSDAG - 8 NOVEMBER 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134
WOENSDAG - 9 NOVEMBER 2022
REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
STANDERTON: WILLOW BEEFMASTERS / BRAHMANE
11:00, Hoëveld veilingsentrum
Kontak Carel Devel 082 331 1811
DONDERDAG - 10 NOVEMBER 2022
FRANKFORT 32ste Herdenkingsveiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
VRYDAG - 11 NOVEMBER 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

